

AANTEKENINGE OOR DIE TAAL VAN WIKAR SE JOERNAAL.

I.

WIKAR SE TEKS.

Tereg het die joernaal van Wikar, om die Afrikaanse bestanddele wat hulle daarin onderken, die aandag van die taalgeleerdes getrek, des te meer omdat dit 'n gedrukte bron was in 'n bekende versameling. Herhaaldelik is op die belang daarvan gewys, maar tot nog toe is daar geen besondere studie aan gewy nie. Ons maak op versoek van Dr. Mossop gebruik van die hernude uitgawe van Wikar om ons taalkundige beskouings daaraan vas te knoop.

Ons begin met te konstateer dat in vergelyking met die mag der menigte onuitgegewe materiaal van 'n bepaalde soort uit die tweede helfte van die agtiende eeu die Afrikaanse inslag in die Haagse manuskrip (H) van betreklik geringe omvang is en taalhistories veel geringer waarde het as bogenoemde ongedrukte bronne. Wat die verkorte Arnhemse Relaaas (R), uitgegee in *Het Zoeklicht* van 1926 deur die Eerwaarde Dreyer en die Kaapse manuskrip (A)¹⁾ betref, is dié waarde gedaal tot 'n minimum.

¹⁾ Sien noot van Godée Molsbergen. *Reizen in Zuid-Afrika*, II, p. 78. Van hierdie manuskrip is daar ook 'n kopie in die Ryksargief, Den Haag. Dit is hierdie kopie van A, wat Prof. Dr. Moritz gebruik het vir sy goeie vertaling daarvan in *Die ältesten Reiseberichten über Deutsch-West-Afrika (Mitteilungen aus den Deutschen Schutzgebieten, 31er Band, Berlin, 1918, p. 61-9)*.

In R, gerig aan Hendrik Cloete, van Nooitgedacht,²⁾ deel Wikar ons die belangrike geskiedenis van sy verhaal mee: „Myn Journaal, die ik wegens de geringe voorraad pampier die ik by my had, met characters en abbreviatuuren gevuld heb, heb ik aan de Caap koomende op 26 vellen groot formaat pampier van den WelEed. Gestr. Heer Gouverneur Schoon geschreeven. Naderhand heeft de Heer Landdrost de Wet³⁾ dezelve journaal op verscheyde aan my gedane vraagen vermeerdert en in ordentlyke styl gebragt.”

Die teks waaraan Afrikaniste hulle aandag geskink het, is die teks wat Wikar na sy oorspronklike aantekeninge in die net geskryf het en wat in Godée Molsbergen se *Reizen in Zuid-Afrika* afgedruk staan. In hoever Wikar by die redaksie daarvan taalkundig bygestaan is, weet ons nie. Wanneer 'n mens sy taal beoordeel, is dit hierdie teks waarmee 'n mens in die eerste plek te doen het.

Ons kan eers verstaan wat „vermeerdert en in ordentlyke styl gebragt” beteken, as ons die sogenaamde verbeterde redaksie van De Wet vergelyk met H. Dit is nie alleen vir die inhoud van belang nie, maar dit werp ook lig op taaltoestande in die tyd waarin die joernaal geskryf is. Dit sal nodig wees om dit afsonderlik in 'n tweede gedeelte van hierdie bydrae te behandel.

²⁾ *Nooitgedacht*, die plaas duskant Koelenhof by Stellenbosch. Teenswoordige eienaar Mnr. Wirth, sien verder noot 52.

³⁾ Gedoop 11 Okt. 1739, getrou in 1761 met Magdalena Bötiger (*Testamente*, O.C. 63, *Geslacht-Register*, de Villiers, III, p. 596). Landdrost van Stellenbosch 1778-'82. Oorlede 6 Des. 1811 (*Dood Register*, 1797-1821). Aanstelling en afskeid as Landdrost in *Resolusies van Heemrade*, Stellenbosch, 1775-'84, p. 135 en p. 297. Sien verder noot 47.

Wikar was 'n Sweed. 'n Mens kon verwag om spore van sy moedertaal in die teks terug te vind. Weens gebrek aan kennis van daardie taal, kan ons nie bepaal in hoever dit die geval is nie.

Hier en daar vind ons 'n Duitse woord, plaaslik waarskynlik ingeburger, soos *heslyk*,⁴⁾ wat nie voortgeleef het nie. In verband hiermee wys ons op die uitsterwing van *feler* vir *fout* en van verskeie ander, soos blyk uit Changuion se lys van 1844. By Wikar ook *er geeft* (in A „er waren die’’).

Van Wikar se lewe is ons alleen bekend wat hy meedeel aan die begin van R.^{4a)} Geboortig uit Gotenberg, het hy in 1773 in diens getree van die Oos-Indiese Kompanjie in Amsterdam. Ons weet nie of hy Hollands geken het voor hy na die Kaap gekom het nie. So nie, kan ons aanneem dat hy sy Hollands vernaamlik hier geleer het, nadat hy „ruym 2 jaaren alhier aan de Caap bescheyden’’ was gewees „en onder die tyd als schryver in 's E.Comp^s Hospitaal aangesteld was,’’ en wat van belang is, gedurende die „4 jaar en 6 maanden tyd,’’ wat hy na sy desersie rondgeswerf en rondgetrek en verkeer het met die boerebevolking in die binneland en met die Hottentotte aan die Grootrivier (waarvan party, soos hy sê, Hollands kon gepraat het), dus in 'n gebied weg van die Kaap, waar die Afrikaans tot vryer ontwikkeling gekom het.

Uit die inhoud van sy Berig en sy skerpe waarnemingsvermoë blyk dat sy opvoeding van 'n nie geringe

4) „zeer heslik en hol om te bezien’’; *met zamt* kom tweemaal voor: „met zamt vrouw en kinderen’’; „met zamt myn maat’’.

4a) Navraag by die Ryksargief in Stockholm het niks opgelewer nie.

gehalte was nie, en hy het deur sy tweejarige verblyf aan die Kaap en deur sy omgang met ander dienare van die Kompanjie met wie hy, soos hy sê, gedobbel en gespeel het,⁵⁾ die betreklik suiwere Hollands geleer wat hy uit hoofde van sy amp as „schryver” tot op seker hoogte moes besit.⁶⁾

Ons bepaal ons ter beoordeling van sy taal tot H en sal korteliks opsom wat daar op die gebied van klanken en vormleer kennelik onder die invloed van die plaaslike spreektaal van sy tyd bly staan het, sonder om in besonderhede oor die hoëre afkoms van daardie elemente te tree. Ook sal ons een en ander uit die woordgebruik aanhaal.

Naas vorme soos b.v. *vleys*, *koegel*, *oegst*, *deur* (door), *steurde*, *leggen* (liggen), *slukken* (slikken), *wurmen*; *peerd*, *steert*, *veers*, *eerde* (adj.), *Beerend* (eenmaal, elders oral *Barend*), *waereld*; *leeg* (laag); *koey*, *goeye*, *bloeyd* (bloedt), *waterlamoen*, *pampon*,

5) „heb ik door myn jonkheyd en onbedagtzaamheyd en ook door verleydende gezelschappen aan de Caap aan 't dobbelen en speelen geraakt, hetgeen veroorzaakte dat ik ten laatsten myn Comp^s dienst verwaarloosde, en ook by myne goede vrienden eenige schulden maakte.”

6) Wikar het as „schryver” waarskynlik die boekhouer van die hospitaal bygestaan. Vgl. Mentzel se *Beschreibung*, I, p. 175: „Er musz alle namen derer kranken in ein Buch eintragen, und dabei vermerken, auf welches Schiff sie gehören, ob sie aus dem Kasteel, Matrosen-Cagie, Buyten-Post oder sonst woher gebracht werden. Er musz bei der Ausmusterung der Rekonvalescirten anmerken, wo sie hingekommen und beschieden sind. Bei denen Verstorbenen musz er den datum bei absterben annotiren, und dem Soldey-Komptoir sofort schriftlich anzeigen — Dem Herrn Gouverneur, Vice Gouverneur und Kapitän musz er von allen den genauesten Rapport abstatten, auch alle Tage eine Spezifikation eingeben, auf wie viel Personen das Fleisch, Brod und andre Viktualien angewiesen werden soll.”

pampier (in R), *trop*, *blom*, *renoster*, *oliven-*, *tiger-*, *middel* (midden), *saft*, *gedogt*, *sneese*, *aassem*, *verzien*, *toe*, releveer ons nog *bringt*, *tegenswoordig*, *besonders*, *eenders*, *zels*, en *zelters*, *sop* (sap), *zop* (zoep), *groffe schoot* (schot), *vrang*, *vryft*, *mooren* (moorden), *lank*, *jonk-*, *aprikooze*, *spreuw*, *schreuw* (naas *spreeuw*, *schreeuw*), *geleegendheid*, *groender*, *varze*, *legewaane*, *babiane*, *slem*, *slemmer*, *slemste* waarin die *e* miskien op lokale dialektiese uitspraak berus. Die spelling *genzebok* (*gemsbok* in A) is 'n poging om die genasaleerde vokaal weer te gee. H gee *kooper kapelle* en o.a. *kameele peerd* waarin die auslout van *Capello* en *camel(e)o* nog verdof figureer, en *schaduwe*.⁷⁾ *Biezem* is waarskynlik 'n kruising van *bezem* en *bies* in *biezemgoed* (naas *beezemrietje*). H gee natuurlik *kalbas*, verder *captyn* (naas gewoonlik *capiteyn*), verder *maklyk*, *gebreklyk*, *reedlyk*.

Die in die teks as lidwoord kom weinig voor. In verskillende gevalle kan dit desnoods staan vir die aanwysende voornaamwoord. Vergelyk: „aan die langs die strand woonende naties,” „die hiertoe geslagte skaap,” „en pryzen die mans welke vrouwen soeken,” „dat hy eerst die steene of klippe gemaak heeft waarvan haare voorouders gekoomen zijn,” „heb ik die voorlyf maar van gezien,” „in die warme zand,” „die andere van meyne Bossiesmannen,” „ik hebbe die

⁷⁾ Reeds toe waarskynlik met beklemtoonde *ee* onder grafiese invloed, nes in weduwee. In *Schalk*, afkomstig soos in die Monsterrolle staan, *van de Merwede*, met klemtoon op tweede lettergreep, het deur aksentverplaatsing op die eerste lettergreep, die omgekeerde plaas gegryp, wat die afval van die eind-lettergreep veroorsaak het. *Schalk* het tot voornaam en *Van de(r) Merwe* tot familienaam geword.

mensen gezeyd," „met die buyk vol," „deur die zwaarte . . ."

Die verlies van die neutrum en die vereenvorming van die lidwoord is saam met die defleksie wel die uitstaande kenmerk van die nuutgebore taal aan die Kaap, en wat vir goed reeds in dié tyd by dié meeste Afrikaners onseker geword het, was die „het"-gevoel, selfs by die verkleinwoorde. Naas woorde met *het* en 't vind ons: *de water, de vlys, de schoot, de vuur, de zand, de bos, de end, de middel, de kraaltje, de pootje, de borstbeen, de nest, de voorlyf, de bloed, de koopet, de strand, de huys, de netvet, de schaap, de mes, de stof, de vanggat, de antwoord, de beginzel of de oog, de voorrecht, de kalf, etc.*^{7a)}

Die verlies van die gevoel vir die neutrum is ook kenbaar by die verbuiging van die adjectiva en pronomina. Dis deur dié verlies dat enersyds in Afrikaans die verbuiging van die adjektief voor oorspronklike neutra 'n groter omvang gekry het. So vind ons: *met een dunne fles of vel, een kleynen stuk, van puure lood, een lange stuk, lange witgras, weergaloose koorland, goede weyfeld, van groote nut, van haare volk, zulke mooye goed, een groote melkbos, met zware donderweer, een halve uur, met zo ene weer.* Enige voorbeelde van 'n onverboë adjektief voor vroulike substantief: *onze groen tabak, op een ander plaats, ook een olivenhout kieri, nog grooter trop beeste.*

Vir onsydige pronomina kry ons *deese, etc., met deese hout, deese Gyzikoa volk, onze vertrek, van deese mattjesgoed*, „en als *die* (nl. 'n groot vuur) uitgebrand was," „een lied, *die* ik . . ."

^{7a)} Vgl. hierby egter wat Prof. Dr. D. B. Bosman sê oor woordgeslag by Van Riebeeck (*Oor die Ontstaan van Afrikaans*, 2de druk, p. 104).

Taamlik dikwels kom ons natuurlik die verkleinings-uitgang op *ie* by die substantiva teen : *bossies, barsies, dassies, dansies, kervies, stukkie, lappie, takkie, plekkies, knopies*; en op *ies* by adverbia : *slegties, flussies, knappies, lossies*.

Hoogie val op : „en toe zy nog een *hoogie* afgekoomen hadden.”

As meervoude kry ons : *grafte, vrouwens*, en ook : *vlakstens, gediertens, ziektens; eyers, kinders, hoenders* naas *kalven; Hottⁿ* naas *Hottⁿ*; *ribbes, mans, olifants, smits, doorns, camraads* (naas *camraten*).

Die genetiefkonstruksie met *zyn* en *haar* na substantiva tree veelvuldig op : na Cupido *zyn* besoek, oude tyden *zyn* mens, een mens *zyn* arm, de meyde haare werk, de moordenaar zyne vrienden; ook na een : een *zyn* vader.

Een mens in die sin van *men* in : zo lang een mens zijn aasem heeft; in die sin van *iemand* in : „maar een mens daarmee geschooten”; „dat de Namacquoas volk goed voor een mens waaren”; „in de fontyne knap voor een mens water hadden” (naas *een* : „om een te geneezen”).

’n Paar gevalle het bly staan van *wat* as relativum : „hier is het mooyste velt in de grasvlakte wat ik ooyt gezien heb”; „en den rest wat van nagt gevlugt was”; „al zyn vee wat hy heeft”; „’t wild wat zy schieten”; „dat vlees — wat”

Die selfstandige gebruik van *syne* eenmaal : „dat is tog zyne”.

Een voorbeeld van *daarom* in die sin van *tog* : „Daarom heeft myn Hott^t tog met my meedelyden gekreegen,” soos blyk uit die verband.

Wat die verbuiging van die verba betref, is die *t* van die derde persoon presens dikwels afwesig, veral

na *p*, *k*, *g*, *m* en *l*: leg, loop, help, zoek, vertel, noem, smaak, vraag, maak, verdraag, raak, borrel, steek, teel, erf, commandeer, etc.

Die werkwoord in die enkelvoud met meervoudige subjek verskyn verskillende male: „wy had,” „zag wy,” „wy kon,” „de beste was,” „was geene buffels,” „heeft de Gyzikoa — genoemen,” „raak de punte van de vlerke,” „vroeg ik waar de Gountama daar aankomt,” „waar de coraale vandaan komt,” „leg nog 3 spruyten,” „die zy ooyt gezien had,” „begint er de giftwurmen op de bladeren te gaan zitten,” „de scherpe stokken die daarin raak,” „zoveel sprinkhaantjes is,” „dat de peerde was,” „komkommers is er ook,” „blyft — de stompe — over.” Ook: „’t is granate,” „dat was vriende van die Bossiesmannen.”

Die perfecta van werkwoorde van beweging word partykeer verbuig met *hebben*: heeft gegaan, heengegaan hebbende, hebben ze weeromgedrayd, toe zy — afgekoomen hadden, daardeur getrokken had. Ook: heb ik — geweest, had — geschrokken.

Die aanwesigheid van die prefiks *ge-* by verlede deelwoorde van werkwoorde met begin-lettergreep *be-* en *ver-* dui op ’n veelvuldiger gebruik in dié tyd: gebelooft, gebeschaart, geverniet, gebepist, gebewaard, gevereerd, gebegraven.

Ons wys ook op: *kunde*, *vangde*, *schynde*, wat ’n aanwysing is van die verval van die ablaut by die verba, en op *gebraayde* naas *gepiepen*, *geschreeuwen*, verder op *geslaan*. In: „ik had geen beste, zeide ik” staan *had vir heb, het*.

Behalwe in: „zy zullen wel dit nooyt niet nalaaten,” het ons nie die versterking van die ontkenning gekry nie. Egter ook: nooyt geen, niet nergens.

Sintakties-„gekondenseerde” vorme kry ons in Afrikaans in b.v. *anderkant*, *deeskant*, *bokant*, etc., waar ’n woordgroep deur kondensasie tot ’n voorsetsel geword het, nes deur dieselfde proses „hoe kom’t dat” en „dat moet je niet doen,” tot *hoekom* en *moenie* geword het. Volgens Horn se teorie lei funksieverswakking tot vormverswakking. Maar ons sien dat omgekeerd vormverswakking nie noodsaakelik funksieverswakking met sig meebring nie. „Kondensasie” het dikwels funksieversterking en uitbreiding van funksie ten gevolge.

Wat *anderkant*, *onderkant* betref, kom ons in H die middestadium van die ontwikkeling tot voorsetsel teen: „*anderkant van de craal*,” „*onderkant van de draag-osse*,” „*onderkant van de Hartebeesrivier*,” „*onderkant van deeze Blip*,” maar ook reeds die eind-stadium, waar die *van* ook verdwyn het: „*woonen onderkant de Blicquas*,” „*onderkant de Bokkerivier*,” naas die ongekondenseerde vorm: „*aan de onderkant van deze kraal*.” In R vind ons die korreksie: „*want ’t was aan de overzyde ’s riviers*.” In H ook: „*aan de andere zyde van de rivier*,” „*aan de overzyde van de rivier*.”

Van *deeskant* verskaf H voorbeelde as adverbium: „*dat wy deeskant zynde*,” „*en daarom noem ik de overzyde, deeskant*,” maar ook as voorsetsel: „*deeskant de Kamusbergh*” naas „*aan deeze zyde van de wal*.”

Daar is nog ander voorbeelde van kondensasie in H: „*’s morgens was de rivier weer kant en wal vol*”; „*Dan staat den vryer eers helder dag*⁸⁾ op”; „*schoot hy een olifantskoey agter blad*”; „*teegen zon onder*”; in R:

⁸⁾ In huidige Afrikaans (naas *helder oordag*) *helder voor dag*. Waarskynlik na analogie van *dou voor dag*.

„*zon-op* (dat is na haare spreekwyze te zeggen *oost-op*).” Bywoordelike bystellinge het hier deur kondensasie geword tot adverbia.

Dit moet nog ondersoek word in hoever direkte of indirekte Hottentotse invloed of ander invloede 'n rol gespeel het by kondensasie in Afrikaans.

Zo als in die betekenis van *zo dra* verskyn verskillende male: „zooals ze maar 't spoor van een jonge genzebok . . . dan kunnen zy . . .”; „want zo als een steenbok maar opspring, laat men hem maar lopen zyn cours”; „zo als de kinders der Eynikkoas kunnen lopen, word haar een boogje en peyltjes gegeeven”; „zo als hy maar wakker word, moet hy weer drinken.”

Ons besluit hierdie eerste gedeelte met een en ander (van leksikografiese standpunt) oor die woordgebruik te sê.

Van verskillende woorde vind ons by Wikar ou bewysplase: *voogelente* of *vogelstront*. Die tweede benaming het verdwyn net soos *strontvoogel* pad gegee het voor aasvogel, so as ons uit Bütner se manuskrip⁹⁾ te wete kom.

Onder talryke boomname o.a. *Haakdoornboomen* of *wagt een beetje*, *kameeldoornboome*;¹⁰⁾ *langaazemvoogel*; „moet de meyd op haar rug *aba* of dragen, zo als een kind”; „. . . de beginzel of *de oog*

⁹⁾ „gehen sie ins feld herumb, und sehen in die höhe nach denen vögeln, welche *strontvogels*, oder drekvögel alhier genent werden in selbiger gestalt, form und grösse wie der Adler”. Ook in die manuskrip van Hofman: „Arenden: anders gen^t *strontvogels*, omdat sij seer sterk van reuk zijn, en 't aas overal vervolgen.” Beide manuskripte in die Kaapse biblioteek.

¹⁰⁾ „Den Hottentot Claas Barend zeyd dat Jacobus Koetze met zijn eerste togt deezen boom also den naam gegeeven heeft, dewyle de kameelepeerde meestendeels in de toppe van deeze boomen vreeten.”

wisten waar de rivier uyt komt"; „onder in de diepe gate of *kliphuyze*"; „een lange stuk *biezem* of *mattjesgoed*"; *klapperdop* in die nie al te duidelike: „dat als zy loopen zal haar kop als een voogelstruys eyerdop in vlakke worden, dat is t.z. dat zy sterven zullen en haar kop klapperdop zal van de Zountanas in de vlakke gevonden worden";¹¹⁾ „voornoemde Schoemaker noem den vis *mokkelkop*,¹²⁾ andere Duytze noemen hem *Varswaterbager*." Beide benaminge het verdwyn en is vervang deur *barber*, *babber*, etc. Die *geelvis* dra by Wikar nog die naam van *witte visch* (*wit vis* in A). *Witte wortel* word in A gespesifiseer met *pastinaak*. Wikar praat ook van *witte water* en *witgras*.

Sitate van woorde van gewestelike afkoms, of wat stam uit die Nederlandse volkstaal, is ook betreklik talryk by Wikar te vind: „ze weeten 't wild mooy te *betrekken*; ¹³⁾ „want de andere seekoeye hadden hem al uyt *gebeurt*"; „dat is een *aardig huyle*"; *schurfd*¹⁴⁾

11) Vgl. A: „wanneer sy sig onderstonden daar door te trekken hunne bekkeneele werde soude als een doppe der struys yjeren, dat is te zeggen dat zy door dorst bezwykende men hunne verdroogde en naakte bekkeneele over het veld als de struys yjere doppen soude sien liggen." *Klapperdop*, *Ned. Wdb.* VII, p. 3473.

12) Sien *Ned. Wdb.*, IX, p. 1013. *Mokkel* (I). „een dik mollig kind of meisje . . ." etc. Sinoniem met *Poen*, *Ned. Wdb.* XII, p. 2963, wat ons vind in Afrikaanse *poenskop*, *poeskop*, as naam van 'n soort walvis en vir 'n bees sonder horings (Changuion en Mansvelt). Vir *Mokkel* sien ook noot 100, p. 116, by Dr. Mossop.

13) Op *Deventer* *betrekken* ook in betekenis „onverwachts op 'n slinksche wijze aanvallen" (sien lys van Draayer).

14) *Schurfd* in *Almanack der Africaanse Hoveniers*, manuskrip van plus minus 1720: „schurfd boomen"; „schurftthijd van alderleij boomen"; „oranjeboomen schurf geworden, moet men so de stam schurf is, deselve tot de grond toe afkappen".

van bakkes''; „hoe grooter *brakke*¹⁵⁾ dat de kinders zijn om te bakkeleyen''; „2 sterke *henninge*,'' „2 *heyninge*''; „en de meyde (dragen) besonders de *zeene*¹⁶⁾ om de beene''; „haar *flause* maakende,'' „meer zulke *flause*''; „*braaf* koud,'' etc.

Ook Sitate van woorde wat hier 'n betekenisuitbreiding gevind het: „word de vuur met beestemist *doodgemaakt*''; „als 't vuur *dood* is^{16a)}''; „moogelyk dat de heftige stroom zulke gate zelfs *uytmaald*''; „dat er hoengab of *Duyts* volk in de weerelt was''; „slukken den rook in dat ze zo *dronken* worden,'' „maar hy was maar *dronken* van die schoot.''

Van woorde wat hier ontstaan het. Behalwe reeds genoemde o.a.: *strohuys*; *kopbeen*; *klipkrans*; „omdat ik de eerste *Duytsman* was''; „'n Goeyeman Hottentot uyt 't *boovenland*'' (,na *booven*, namelyk de Caap op''); „zo zwart as *Tarentaale*; ¹⁷⁾) en alle pokdaadig'' (pok-

15) *Ned. Wdb.* III. p. 995. „bengel, deugniet''.

16) *Ned. Wdb.* V, p. 1568. Afrikaanse *hakskeen* is deur assosiasie met *skeen* vervorm uit *hakzeen* (o.a. Gronings en Oost-Fries).

16a) Vgl. Dr. J. du P. Scholtz in *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, XIII, p. 326: „In die verbinding *maak die kêrs dood* is *doodmaak* volgens Van der Tuuk „maleisch gedacht''. In maleis is die woord vir „dooden'' en „uitdooven'' dieselfde, nl. *mêmboenoeh*.

17) Godée Molsbergen verklaar met „paarlhoender''. O.i. beteken dit hier *kaffer*. Die benaming *Terra de Natal* het hom uitgestrek oor die hele Kaffergebied langs die kus, en nog verder, tot na die Kaap toe. Vgl. Valentyn se *Beskrywing van die Kaap*, p. 33b: „De naaste Hofstede aan de laatstgenoemde plaats lag nog wel 3 goed uren van de Zeekoeijen-valey; buiten welk *Verlegen* (*sic* vir *Vergelegen*) zijn Ed. nog een schoone plaats in 't land van *Terra di Natal* wel 30 mijlen van daar had''. Bowendien praat Wikar elders van *Tarrentaalse hoenders*: „Vandaag heb ik de eerste *Tarrentaalse hoenders* gezien'', wat in die tweede helfte van die 18de eeu blykbaar nog gebruiklik was en later

dalig); „'s nagts als zy zeekoeye *gejagt* hadden, welke manier van *jagte* ik wel verders beschryven zal”; *trek-sprinkhaane*, etc.

By Wikar vind ons die unieke bewysplaas van die vorm *Boestjesmans* in : „Van avond kwam er een party van de Boestjesmans Hottentots” en hy gee tewens 'n verklaring van die benaming : „zijn tog geene roovers maar omdat ze zig meest met wildschieten en veldkost geneeren worden ze Chaboup of Bossiesmans van de Namacq : genoemt.”¹⁸⁾

Vir *vertolken* gebruik Wikar *tolken*, waar die substantief *tolk* geword het tot verbum en vir *gebulk* *bulk* (een bulk, de bulk) waar die (gedeflekterde) verbum omgekeerd tot substantief geword het, nes in *slagt*. Hy gebruik *netvet* vir die *omentum* van die bees of skaap, nog die gewone benaming in Afrikaans vir die

vervang is deur *tarentale*, die naam van die inboorlingen van Terra de Natal. Vgl. Beutler (1752): „dog wy noemden deeze plaats de Hoenderecraal om de meenigte van Ternataalsche hoenders die sig alhier ophielden” en Jacob van Reenen (1790): „saw several Terra Natal fowls.” Vgl. Boshoff, Volk en Taal van S.A., p. 199.

Agteraf sien ons bogenoemde veronderstelling bevestig deur die ooreenkomstige passasie in Landdros de Wet se redaksie: „dit volk verhaalde men my — *swart als de Caffers* soude syn, hebbende blyken van de kinderpokken”.

¹⁸⁾ A. gee die gewone verklaring wat ook by Kolbe (*Ned. Wdb.* III, 655) staan: „Thaboeb genaamt . . . sig in bosse en wildernisse onthoude, daarvan by de ingesetene bekend, onder de naam van Bosjesmans.” By Kiliaan: „*bosch-man, silvicola*”, maar ook „*boesman, Fris. biete-bauw*”. Bossiesman kom egter te konsekwent in die tekste voor om aan te neem dat Afrik. Boesman dieselfde woord is. Meer waarskynlik het bossiesman onder invloed van die uitspraak van die talryke Duitse koloniste in die 18de eeu gaandeweg tot boessiesman en boesman geword. Vir Thaboeb (rondswerwers) vgl. Mossop, noot 19. Dr. Engelbrecht: *!χ'oeba* (from *!χ'oes*, the wandering species).

vet van die omentum van sowel bees as skaap.¹⁹⁾ *Poort* is by hom ook : in- of deurgang na die rivier.²⁰⁾

Die pondok is die *scherm*.²¹⁾ Die paaie is vir „'t vee en 't volk.” Die kraal is sterk van *volk* en vee. 'n Inboorlingstam is 'n *natie*, 'n streek 'n *contrei*. Die giftige heuning laat Wikar „vermeer” (*vomeeren*). Die gif waarmee die Hottentotte hul pyle vergiftig is *malkopgift*.²²⁾

Die towermeesters vreet hulself vet (vet *gevreeten*) en die kinders vrek (*verrekken*) van die honger. Die gifsuiper word *uitgevoerd* (vet gevoer). Nadat die ivoor soveel tyd in die suur melk gelê het, is dit *bekwaam*²³⁾ om te bewerk. Die seekoei is nie so *wys* en wild daarbo nie. Aan die Komp.^s wadrif is hulle *alte*²⁴⁾ slim van die skiet van die duitse. Die klimaat is *besonderlik*²⁵⁾ heet. Die Blip se *ruilgoed* is al *gedaan*. Hy gebruik nie „uit den weg gaan,” maar *pat geeven*. Hy het die

19) *Ned. Wdb.* IX, 1885: *netvlies*; IX, 1867: *net*; IX, 1870: „*netvet* van het omentum”. A. tweemaal *netvet* en driemaal *netvlies*: „'t netvet om den hals”, „'t netvlies om den hals”.

20) Vgl. hierby wat Kolbe (I, 422) sê: „door een venster of poort, van welk Hottentotswoord, het welk by hen een venster of deur beteekent”

21) Dr. Engelbrecht in sy werk (nog onuitgegeë) oor die Korannas: „so they moved on and having decided on some spot they set themselves to make, not the ordinary hut or *kx'umma* but the *skerm* or *pondok* (*Inu=b*).

22) Vgl. Kolbe (I, 518b): „Verder maken de Hottentotten anders, als hunne schapen dol worden: of zoo als zy het in *gebroken Hollandsch* noemen, als zy veel *Malkoppen* bekomen.”

23) Vgl. *Ned. Wdb.* II, 1648.

24) Verdam, *Mid. Ned. Wdb.*, I, 377, *alte*, zeer.

25) Kiliaan, *besonderlick*, *Ned. Wdb.*, II, 2684.

geluk om 'n kameleopardalis²⁶⁾ te krygen. Hy hou nie teen nie, maar hy *keer*. Hy praat van 'n *ooybok* en en schapen en *bokken*, van 'n *bul*, nie van 'n *stier* nie. Hy gee die voorkeur aan *eygenste* bo „zelfde” en aan *plek* bo plaats: *in plek* of *in plek van*, *schuurplek*, *slaapplek* of *kooy*, maar 'n *plaats* is 'n boereplaas. Hy meet sy afstande met *tree* af of 'n enkele maal soos van die vroegste tyd van die nedersetting af met die rook van 'n pyp tabak:²⁷⁾ „ik blyf circa een pijp tabak rookens onder een bos in de schaduwe zitten.” Hy het seker gesê *yzer* (so nie *yster*) varke, en *yzer* (*yster*) harpoen (in H: een *yzer* harpoen, in A: *yzeren* harpoen), sonder *e*. *Deurdrift* gebruik hy naas *drift*, die water is *sterk*, afstand is altyd by hom *distans* (nou *distansie*). Die rivier was *passabel* en *gepasseerde* (nou geword tot *pseede*) jaar was nie verlede jaar nie. Dit was *agtermiddag* en nie namiddag nie. Hy laat nie met rus nie, hy *laat staan*: „wy lieten dien avond de olifanten staan.” Hy *vat*: „hy *vat* nu zyn eyge assagay.” Hy kom tot *herhaal* (verhaal). 'n Schutter is 'n *schut* soos in oud-Hollands.²⁸⁾ *Allegaar* het vertrouder geklink as *allemaal*: „toen heb ik van allegaar zuure melk my laten geeven.” Deur die bank gebruik hy *lykenen* (naas *gelykenen*) i.p.v. lyken. Die jong wat die skaap en die beeste oppas is natuurlik is *skaap-*

26) Die verskillende skrywings van hierdie diernaam in die teks: *kameleopardalis*, *kameelepeerd*, *kameelpeerd*, ens. toon aan dat die vorm *kameelperd* minder vas gelê het as *renoster*, alhoewel A ook *renossers* en *renosseros*, selfs *rhenosterossen* in die m.v. gee.

27) Sien: Franken, *Van der Heiden en die Swart Slaaf, Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, VI, p. 197.

28) „een vinnige schut.” Sien Kiliaan.

wagter en 'n *veewagter*.²⁹⁾ Helft is *helfte* en begin *beginsel*, levend *leevendig* en 'n *meyd* en *ongedierte* is nie 'n hollandse meid en hollandse ongedierte nie.

'n Paar voorbeelde by Wikar van die Afrikaanse formasie van verkleiningsuitgang na eerste lid van samestelling soos in *bossiesman* uit *bosch-man*:³⁰⁾ *rosyntjes boomen* (A: de wilde rozyn); *wyntjes yzer*, waarskynlik uit *w(r)ingtjes-yzer*.³¹⁾

Ook by Wikar vind ons geen bewysplaas vir *biltong* nie. Alleen sê hy: „Den II overgebleeven om de vlys te droogen.” Hulle het die vorige dag 'n hartbees geskiet.

Uit welke dialek stam *agteruit* in die sin van terug:³²⁾ „daarom quam de Heer Gordon den volgende dag— agteruyt”; „maar daarvoor krygt omtrent net zoveel agteruyt” en word dit nog in die sin in 'n streektaal aan die Kaap gebruik?

Wikar gebruik natuurlik party van die woorde van indiese oorsprong wat 'n mens orals in die tekste teen-

²⁹⁾ Sien *Ned. Wdb.*, XIV, 148.

³⁰⁾ Vgl. noot 18.

³¹⁾ „Koevoeten of *w(?)yntjesyzers*.” Volgens mededeling van Dr. Leipoldt het hy in die Glossarium van Stapel se uitgawe van Van Dam se *Beschryvinge* van die O.I.Cie, *wring-iser* gekry in die betekenis van „yzeren hefboom, koevoet”. Sien in die teks (I, p. 650) in „Lyste van de scheepscorporaalskist”: */wringhiser*. Prof. Moritz vertaal in noot, op. cit., p. 67: „Brecheisen oder winzermesser” i.e. wingerdmes. Prof. D. B. Bosman het aan ons die veronderstelling gemaak dat *Wyntjes-yzer* 'n skryf- of kopie-fout is vir *uyntjes-yzer*. Die toegesonde fotostaat wys o.i. inderdaad uit, na sorgvuldige vergelyking van die letters op die bladsy, dat daar *euynthesyzers* staan.

³²⁾ Vgl. *Ned. Wdb.* I, 720.

kom soos : bakkeleyen, zoebatten, meson, tawheetjes,³³⁾ reegentyd.³⁴⁾ A interpreteer *bamboeze* in „bragten zy er bamboeze met melk” met „melk uyt hunne vaaten.” Bamboese was waarskynlik oorspronklik die stokke, oor die skouer gehang, waaraan die slawe in mandjies, koop- en ander ware gedra het.^{34a)}

Is Afrikaanse *syfer* 'n kruisvorm tussen *syperen* en Indiese *tyferen*? By Wikar ook *seyfferen*.³⁵⁾

By Wikar kom ons die vorm *lavoer*, *lavoore* as substantief en adjektief vir *ivoor*, *ivore* teen : 't Lavoer, lavoore ringen, lavoore leepel. Dit kan berus op die italiaanse *l'avorio* met agglutinasie van die lidwoord of op franse *l'ivoire*, geword tot *livoor*, *levoor*, *lavoer*.

Vir die geskiedenis- en betekenis-skakerings van Afrikaanse woorde soos b.v. *astrant*, *prakseer*, *brei*, bied Wikar ook interessante sitate aan : „zo een (persoon) word met gift *gebreyd* dat hem na dato geen gift schaad”; „dat de capiteyn hadde *gepractizeert* om my en Claas Barend in de rivier te laten verzuypen”; „want het is zo *gepractizeert*, dat als 't wild van de rivier afkomt, raaken zy binne die 2 heyninge”; „nu ben ik ook voor hem veel assuranter als voor eenig ander gedierte”; „zo assurante keerels,” „zo zaft als zeemsleer *gebreyd*”; etc.

33) „Al van verre tawheetjes roepende.” Die verandering in A : „en van verre tawee! tawee! riepen, hunne gewone wyze van groeten” toon aan dat die oorspronklike betekenis van Maleise *tabé* nog gevoel werd en dat dit nog in gebruik was.

34) Vgl. egter : „Deeze natiën weeten ook 't jaar in driën te verdeelen (namelyk in droogen tyd, reegentyd, en blomtyd).”

34a) *Bamus* in Hottentots is volgens Dr. Engelbrecht waarskynlik ou leenwoord. Sien *Bambus* by Sir James Alexander in noot 49, p. 57, van Dr. Mossop.

35) „er begon witte water uyt te scyfferen.” Vgl. ook Vlaamse *zeeveren*, *zieveren*, *doorsypelen*, *motregen*, *kwyl*.

Ons vestig nog die aandag op die volgende: *trent* vir *omtrent* in *hen of trent*, in die nabyheid,³⁶⁾ *plijsterbeest*,³⁷⁾ *broekkros*,³⁸⁾ *beschaarman*, *beschaarvrou*,³⁹⁾ *geen stuk of steel*,⁴⁰⁾ *opligten*,⁴¹⁾ „kraale die tot haare oorlog⁴²⁾ behoorde,” *stutten*,⁴³⁾ *piorillas* (in teks van G. Molsbergen),⁴⁴⁾ *oudvaders*, *oudmoeders*.⁴⁵⁾

36) Vgl. Verdam, *Mid. Ned. Wdb.*, III, 327; *Ned. Wdb.*, VI, 480; X, 651.

37) *pleisteren*, *peisteren*, grazen. Sien Verdam, VII, 216 en *Ned. Wdb.*; *pleisteren* ook „met pleisters beleggen”, Vgl. Mossop, noot 56, p. 66.

38) „als zy gezogt word tot vrouw dat is de broekkrosslagt”, *Ned. Wdb.*, III¹, 1480⁴), *broeken* (eene vrouw), beslapen. *Broek* nog in dieselfde betekenis in Afrikaans. Dit kan wees dat *broekkros* ’n samestelling is met *broek*, kledingstuk. Mossop: “The broek-karos was the apron worn behind and called /goubis”.

39) *Ned. Wdb.*, II, II, 1952, *bescharen*, zichzelf iets verschaffen.

40) *Ned. Wdb.* XV, 977, alleen *stert noch steel*.

41) „om een Capiteyn op te ligten.” In A „de verkiezing van een capiteyn”. In *opligt broer opligt* waarskynlik in dieselfde betekenis *Ned. Wdb.*, IX, 1005.

42) *Oorlog* beteken hier militêre diens. Vgl. Deens *til orlogs*, krygsdiens op zee.

43) „hy gleyt voorby en kan zyn loop niet stutten.” By Changuion nog „gebooden stutten”.

44) In H „met rode stanninas (lees *staminas*) en *piorillas*”. In A: „met roode stampers en vezeltjes”. ’n Vergelyking met die manuskrip in die Ryksargief toon aan dat *piorillas* ’n kopiefout is vir *piostillas*.

45) Sien *Ned. Wdb.*, XI, 1565, 1568. A gee *grysaard* en *getrouwe vrouw*. Onder die teenswoordige Koranas sou dit waarskynlik wees *outa* : *b* en *ouma* : *s*. Vgl. wat Dr. Engelbrecht sê in sy werk oor die Korannas: „Children speaking to their parents use *tatab* or *ta* : *b* for the father and *mamas* or *ma* : *s* for the mother — A respectful form of address for any man is *outa* : *b*, and for any old woman *ouma* : *s*.”

Outa : *b* is die Afrikaanse waarskynlik hibridiese *outa*.

Wikar se woordorde gee 'n mens herhaaldelik die indruk dat die Joernaal nie deur 'n gebore Nederlander geskryf is nie. Die gebruik van seker samegestelde werkwoorde verraai dit miskien ook.

Oor die geheel kan ons egter van hollandse standpunt tevrede wees met Wikar se taal, al sê hy, of sy verbeteraar, aan die end van R: „hoewel de schryfstyl wat beschaafder hoorde te weezen” en al vra hy aan die slot van H om „excuus” aan die Goewerneur, „dat dit mijn verhaal zo eenvoudig en ongereguleerd geschreeven is.” Dit spyt ons alleen dat ons ondanks die „Characters en Abbreviatuuren” en taalkundige tekortkominge nie sy oorspronklike, vir ons taalkundig waarskynlik waardevoller, aantekeninge besit nie.

II.

DE WET SE TEKS.

Van die twee afskrifte wat van De Wet se redaksie bestaan, is die een wat hom in die Ryksargief bevind waarskynlik die offisiële. In teenstelling met die manuskrip in die Kaapse argief, wat ongeteken en ongedateer is, eindig dit in die vertaling van Prof. Moritz met „aufgestellt aus den Aufzeichnungen des Hendrik Jacob Wikar und datiert 18 Sept. 1779.” Dit is dieselfde datum as van H., alhoewel Wikar ons vertel dat Landdros de Wet eers „naderhand” sy Joernaal in styl gebring het.

Wat inhoud betref stem A taamlik goed ooreen met H. Niks van intrinsieke belang is deur Olof de Wet weggelaat nie. 'n Paar kortere passasies, b.v. oor die oefen van die hottentotklonkies in die gooi met skerp stokke op 'n vermolmde kokerboomstomp; oor die ont-

staan van krale uit die in die grond begrawe pensmis van koeie; oor die eet van haasvleis deur Wikar en sy dankgebed vind ons alleen in H.

Aan die ander kant het De Wet Wikar uitgevra oor verskillende kwessies aangaande die Hottentotte: die versorging van hulle ou mense, hulle wyse van oorlogvoer, hulle vaatwerk en potbakkery, hulle liggaamsbou, ouderdom en siektes en dit bygevoeg saam met ander besonderhede.⁴⁶⁾

Die styl is nie alleen verbeter nie, maar ook die rangskikking van die stof.

De Wet begin met 'n inleiding van homself, gevolg deur 'n sistematiese indeling en beskrywing van die verskillende nasies.

Ons het hier egter by name te doen met die „verordenteling” van Wikar se taal en styl.

Die vraag kom hierby te berde in hoever daar ook spore te vind is van Afrikaanse invloed in die gebore Afrikaner, wat De Wet was, se taal. Tuis in die amptenaarswêreld,⁴⁷⁾ goed opgevoed en behorende tot 'n aansienlike Kaapse familie, het hy blykbaar die Nederlands van sy tyd goed beheers. Tog gebruik

⁴⁶⁾ Grotendeels opgeneem deur Mossop in Appendix A, terwyl die variante uit H opgeneem is deur Moritz in sy Duitse vertaling van A.

⁴⁷⁾ Loopbaan van Oloff Godlieb de Wet: 1765, ouderling Kaapse Kerk. Tot 1768, Assistent-Weeskamer; 12 Jan. '68, provisioneel adjunkt by Fiskaal Van Plettenberg; dieselfde jaar permanent aangestel met kwaliteit van boekhouer; '72 Onderkoopman en Sekretaris van Weeskamer; '75, Tweede Luitenant in die Kompanjie van Pennisten; '78, lid van Raad van Justisie; 15 Des. '78, Landdros van Stellenbosch en Drakenstein; bly lid van Raad van Justisie; '81, Pakhuismeester; '82, weer lid van Raad van Justisie; '85, provisioneel assistent van Sekretaris, Politieke Raad.

hy hier en daar 'n verkeerde geslag soos *de besluit, het bedwelming, onze aanweezen, het huud, de nest, de wyf, syne wyf, een wyf, die . . .*. Dat hy van die Afrikaanse *opdriftsel* 'n *de*-woord maak is begrypelik. Iets wat 'n mens nie in H vind nie is taamlik veelvuldig, nl. die oorgang van *v* tot *w* tussen vokale; *ower, bowen, heuwels, bygeloowige, toweryen, duywel, bedrywen, ewenwel* naas vorme met *v*. Vergelyk b.v. *wywe* naas *wywen, wyfen, wyve*.

Ook is hy geneig om hier en daar die vokaal lang te skrywe, wat wys op 'n uitspraak waar ons reeds herhaaldelik in die loop van die eeu spore van teengekome het: *aandere, zwaart, Haarterivier, van haarte, gewoonde, speel, gereed* (in H alleen *etmaal* en *spoog*). Ons kry by hom 'n enkele dissimilasie van *ss* tot *st*: het *vischten, gewasten*; 'n ontronding: een spitzer

lid van die Raad met adviserende stem; dieselfde jaar kry hy kwaliteit en gasie van Koopman en word as opvolger van Oloff M. Bergh aangestel as Sekretaris van Politieke Raad en lid van die Raad met konkluderende stem; '87 verkry hy assistent as vendumeester en word President van Civiele en Huweliksake; '88, kla hy oor gesondheid en vra vir pos van kassier, word oorgehaal om aan te bly as Sekretaris; 3 Junie '88, word hom ontslag verleen as Sekretaris en Vendumeester, bly lid van die Raad aangestel as Kassier met behoud van sessie in die Raad; '93, aangestel as Boekhouer der Generaale 's Lands Inkomsten. In sy testament (vertoon 10 Jan. 1812) word hy betitel „oud president van Raade van Justitie”, sien *Resolusies* (Politieke Raad, Kaapse Argief: C. 57, p. 552; C. 60, p. 48 en p. 226; C. 64, p. 354 en p. 372; C. 67, p. 380; C. 70, p. 244 en p. 447; C. 73, p. 776; C. 74, p. 394 en p. 779; C. 76, p. 692; C. 78, p. 500 en p. 604 en p. 769; C. 79, p. 232 en p. 242; C. 81, p. 261; C. 82, p. 527; C. 83, p. 232 en p. 600; C. 87, p. 46; C. 91, p. 231; C. 102, p. 54; O.C. 63.

Danksy sy goeie indeks, het Argivaris P. J. Venter hierdie besonderhede gou bymekaar gevind.

sneyt, 'n epentetiese *t*: *geleegentheyd*, *verleegentheyd*; die opening van *i* tot *è*: *bergklemmers*, *melkdrenkers*, *beregt*, selde die werkwoord in die enkelvoud met 'n meervoudige onderwerp: *was wy*; eenmaal 'n swak vorm van 'n sterke werkwoord: *hefte op*. Hy gebruik ook sogenaamde dubbele meervoude: *holtens*, *kliphoogtens*, *plegtigheedens*, *geraamtens*, 'n enkele on-
verboë adjektief: *eene naauw poort*.⁴⁸⁾

Ons het een germanisme gekry: „een pas—my *toegeschikt*.” 'n Paar Afrikaanse woorde verskyn by hom wat nie in H voorkom nie: „keetels of potten van fyne aarde uyt *miershopen*,” en *Cafferskoorn*, waar-
deur H se „zoort koorn” gespesifiseer word.⁴⁹⁾

Veel belangriker as die enkele afwykings, is die verandering wat De Wet in Wikar se teks aangebring het, veral dié wat A bring in klank- en woordgebruik is baie leersaam: *babiane*, baviaanen; *watermaloen*, watermeloen; *blomme*, bloeme; *blomtyd*, bloeme tyd; *vleys*,

⁴⁸⁾ Die Haagse kopie van A nie tot ons beskikking nie, gaan ons af op dié van die Kaap. Dit is klaarblyklik deur 'n klerk gekopieer. Seker vorme kan nie anders wees as kopiefoute nie. In *Inkomende Briewe*, 1780-'81 (C. 467, No. 26) kom 'n lang brief van Landdros de Wet voor, wat om te oordeel na die ooreenkoms van handskrif en handtekening deur homself geskryf is. Daarin is die taal suiwer-Nederlands. Party van die enkele afwykings (*v*. tot *w*, *i* tot *e*) moet dus waarskynlik op rekening van die kerk gestel word, wat dit betreklik meganies afgeskryf het. Ons was ook nie in die geleentheid om die handskrif van H, A¹, A² en R onderling te vergelyk nie. Godée Molsbergen en Dreyer gee ook geen inligtinge omtrent handskrif en handtekening van H en R nie.

⁴⁹⁾ Een woord wat hy gebruik, help gedeeltelik 'n obskure pas-sasie oplos wat in een van Bergh se joernale voorkom (Mossop, *Joernale van Bergh en Skryver*, p. 162): „Van de Kamingais af is de groote Revier opwaarts tot bowen de Waterval bezet met een *reegel* hoge en uytgestrekte bergen.”

vleesch; *sneese*, chineese; *sop*, zap; *zop*, nat; *trop*, trouw; *koegel*, koogel; *steert*, staart; *renoster*, renosser; *renosters*, renosseros, rhenossers; *legewaane*, leguaanen; *vryft*, wryft; *oliven-*, olyven; *Duytze*, Ingeseetenen; *duyts*, de Nederlandsche Taal; *Duytsman*, blanke; *boutvlys*, het vleesch uyt de bout; *beesten*, hoornbeesten, hoornvee; *oliphantsbul*, -stier; *ooybok*, ooytschaap, geitenbok; *beestemist*, koemist; *afgeslagt*, het vleesch van de beendere genoomen, het huyd afgetrokken; *kopbeene*, gebeentens van den kop; *kopbeen*, een geraamte van de kop; *veldkost*, eenige veldspyzen; *schut*, schutter; *jagten*, schieten, jagen-op; *doodgemaakt*, *dood*, uitgeblust; *meyden*, wyven; *klapperdop*, bekkeneele; *strohuyzen*, strohutten, strooy hutten, ook strooy huizen; *zeene*, senuwen; *tree*, passen, schreeden; *patgeeve*, het geeven van ruymte; *assurant*, die de stouthheid hebben; *een magt van*, een menigte van; *beesem of mattjesgoed*, bies of teen; *tarantaalsche hoenders*, parelhoenders; *bakkes*, aangezigt; *zeer vinnig*, sneller; *met zamt*, nevens; *gebreyd*, daartoe geprepareert, bereide; *slemste*, schranderste; *voogelstruys*, struysvoogele; *ruggestremg*, ruggegraad; *spinnekopdraad* (kraal), spinnewep (kraal); *helfte*, helft; *ongedierte*, verscheurendende gedierten; *bogt*, hetgeen maar brandbaar was; *opgoeyd*, opwierp; *gebraayde*, gebraden; *genzebok*, gemsbok; *flause*, grollen; *renoster en kameelpeerdspoor*, de sporen van Rhenosterossen en Cameleopardalossen; *hartebeest*, hart; *patwyzers*, wegwyzers; *stukken slaat*, verbrooken zynde; *baas*, voor naamste en rykste; *donderboskoegel*, kleine koogel van een bus; *gaar* gebrand, verzengd; *voogelente*, voogel lym; *krygen*, bekomen; *gebepist*, over het hoofd gepist; *geverniet*, verniet; *gebewaard*, bewaard; *posituur*, gestalte; *gepractiseert*, een toeleg had gesmeed; *vlerke*,

geleegene klip kransen en heuvels te baat te neemen."

H: „op zo een plek raapen de Bossiesmans 't op, en wannen de zand schoon daaruyt, stampen 't zaad en maaken daarvan een deeg, en kookten dat zo als wy kfuytjes kookten, is zeer voedzaam maar heeft een vreemde smaak."

A: „dit zaad van het zand dat daaronder vermengd is, wel ontwand, gestampt en in kluyten gekookt geeft een voedzame, maar onsmakelyke spys."

H: „want anders by deeze biervrolijkheyd weeten zy malkander te verwyten, en schieten malkander bont met pyle."

A: „daar anders by sodanige gelegenheden, veele verwytinge voor koomen, waer door twist gekyff en vegteryje ontstaan, wanneer men yndelik na de wapenen grypt en elkandere met pyls trift" (vgl. noot ⁴⁸).

H: „by deeze Bossiesmans kraal was 't oudste vrouwschepzel dat ik denk van mijn leeven gezien te hebben, ik moest voor dat oude geraamte eysselen."

A: „Hier zag ik een mismaakte Hottentotten van welkers ouderdom het my niet geheugd ooyt voorheen, een vrouw perzoon gesien te hebben."

H: „Als een Hot^t na een meyd vreyd om met haar te trouwen, zo spreekt hy haar nooyt aan."

A: „Als een jonge dogter off weduwe ter huwelyk werd aangesogt, geschied dit nooit door eene mondelyke liefde verklaring."

- H : „en voor de bos zagen ze ons niet.”
- A : „waare eeven wel door eenige Haakdoorn struyke verhinderd ons te sien.”
- H : „elken blaas die hy geeft, dat is ook een stoot al heeft hy ook niets voor hem, hy klooft tog den grond.”
- A : „Hy blaasd en doet in dezen schoon niets voor sig hebbende met de hoorn telkens een geweldigen stoot waardoor de aarde van een word gekloofd.”
- H : „2 hoorns booven malkander die los in de vel zitten.”
- A : „aan het hoofd been gegroeid maar kan met de huyt werden afgenoomen zonder het hoofd been te schenden.”
- H : „de zeekoey loop dan de eygenste poort weer terug agter uyt, om in de rivier te koomen.”
- A : „of wagt op de zeekoe, aan den ingang der revier dewyl sy altoos door deselfde ingang van de revier terug wykt.”
- H : „aan de Comp. waagendrift zijn ze al te slem van al 't schieten der Duytze.”
- A : „alwaar de zeekoeijen door het meenigvuldig schieten der Ingesetenen vreesagtig en schuw zyn gemaakt.”
- H : „vertrouwdn de zwemmers ons niet door te brengen, zeggende dat de water nog te sterk was.”
- A : „vertrouwdn zig niet om de snelle stroom van 't water.”

H : „en met die buyk vol loopen zy zonder kost meede te neemen, wel een maand lang, leevende alleenig van veldkost.”

A : „gelyk zy buyte 't genot van eenige veldspyzen het hier meede wel een maand kunne gaande houde.”

H : „zy kon tog loopen slegties.”

A : „dog zy was nog even in staat om te gaan.”

H : „De andere pyle worden van scherpe genzebokbeene etc^a gemaakt die binnen in 't fluytjes riet gestookten word.”

A : „Tot hunne peylen werden een hol riet gebruykt aan het einde voorzien met gescherpte beene of harde gembsbok hoorne punten.”

H : „daar ik ook in gewilligde, maar ik had geen beeste zeyde ik om hem te geeven maar hy zeyde my dat de tobak was net zo goed als de beeste van mijn kant.”

A : „waarin ik bewilgden, alleen zwaarigheyd makende in de plegtigheyd van elkanderen by die geleegentheyd een geschenk van hoorn vee te doen, dat my ontbrak: dog mynen edelmoedigen vriend ontruymde deese zwarigheid, en verklaarden zig voor dit maal hier aan niet te willen binden, maar te vreden te zullen zyn wanneer de bekragteging van myne zyde met een weynig tabak wierd verbeeld.”

H : „en als de eerste water afgedronken is, word tot 2 à 3 keer na water op de moer gegeoeyd.”

A : „dewyl den overblyvende droesem, tot twee-drie reise met water en honingh kan worden verlengt.”

H : „dan maak hy wel een zuur gezigt, maar 't helpt niet.”

A : „zodat den leider zyn gesigt wel zeer peinlik trok maar hy dorst niet laf genoeg zyn om te schreeuwen.”

H : „de pitten hiervan braden ze onder de as, en in stukken gestampt zoeken zy de buyten schil daaruyt, die zy weggoeyen, de rest gemaalen word een welriekende olie.”

A : „van deeze pitten—onder den heeten asch gebraden vervolgens ontbolstert en gemaalen trekken zy een welriekende olie.”

H : „Nu word hy ook in zyn gezigt met roet van de pot gesmeert heel swart, dan maken zy eenige plekken daarvan schoon, zoals kruysse, dat hy in zyn gezigt bont geschildert is.”

A : „Men besmeerde laastelik het aangesigt van den Baas doodmaker met het pot swartzel en maakte door afschrabbing eenige trekken en figuren daarin die hem zeer afzigtelyk deden voorkoomen.”

H : „dat 't vlijs uytgevallen en verrot is, tot op de borstbeen.”

A : „het gift het vleesch rondom de wonden ver-teerd hebbende was het borstbeen geheel ont-blood.”

H : „en ringe die van binnen steert is van de kameleopardalis.”

A : „en ook de yzere arm ringen doorwerkt met het hair uyt de staart van de camelopardalis.”

H : „en als de toover-meesters omtrent vet gevreeten zijn.”

- A : „wanneer den Tovenauer middeler wyl rykelyk het genot van den aangewende slagtingen gehad hebbende.”
- H : „en brogten de Bossiesmans tot stilstand.”
- A : „deeden hun verder van dat boos opzet afzien.”
- H : „en er gong paade deur op de manier van allees, dat 't vee en 't volk altijd in de schaduwe was.”
- A : „doorsneedden met wandelweegen langs en door welke onder een verkwikkelyke gelommer het vee graasden.”
- H : „wanneer dat van den tobak van yder, een kortom afneemt.”
- A : „wanneer van ieder een stukje van 2 à 3 d^m tabaks wierd gekort.”
- H : „Kreeg hy my en nog eenige Hottⁿ voor de stok.”
- A : „zy kwam regt op my in.”
- H : „want 't veld is zo van dezelve gespoord.”
- A. : „wy vonden — een menigte sporen van buffels.”
- b) H : „Het mooiste hiervan is de muziek, als men 's avonds een 4 à 500 tree daarvandaan is, dan hoort men zo veelderley stemmen als men bedenken kan dan belemmert 't geklap van de handen 't regte gehoor van den muziek niet.”
- A : „op een afstand van 400 à 500 schreeden werd 's avonds by stil weer het gehoor door de meenigte deezer onder een gemengde stemmen op een aangename wyze gestreeld zonder dan door het hand geklap daar in te worden gehindert.”

- H : „yder heeft een fluyt, eenige hebben groffe fluyten, eenige fyne, — 't geluyd van de groffe fluyten komen in 't lied niet anders als op zyn pas, als 't groffe geluyd daar weezen moet — zo danzen ze zeer curieus met de voeten op zyn pas stampende.”
- A : „hunne fluiten werden gemaakt van dik of dun riet lang of kort gesneeden na de toonen die zy moeten voort brengen, het riet is dicht omwonden en meest aan beiden einden open, dog zomtyds aan het onderste einde voor de hefte gesloten, door deeze rieten of pypen, blaazen zy in een geschikte harmonie met hooge en laage toonen wegens den eisch van den dans of na het slaan der voeten.”
- H : „Toe antwoorde hy dat zegt gy wel, maar dat zou jou net zo gaan als de Blicquoas, die hebben ook veel goed maar als wy in 't beste van den handel zijn, dan is de Blip haar ruylgoed al gedaan, waarop ik hem dat uyt de kop zocht te praten, maar hy zeyde: wy zijn altijd baas in den handel wy zullen t' ook blyven.”
- A : „zeggende dat het met ons in dat opzigt zoude gaan als de Blips die haare goederen aanbrengeende wanneer zy in den besten van den handel waaren altoos te kort schooten tegens het vee dat zy te verhandelen hadden en op dat zy hun glory stelden in de talrykende bezittingen van vee was het my niet mogelyk hem het tegendeel te overreeden.”

Die beskrywing van die fluite toon aan, hoe De Wet deur ondervraging van Wikar tot 'n

duideliker begrip van die bedoelde gekom het en sodoende in staat was om hom beter uit te druk en sy teks te vermeerder met verder besonderhede.

Op die manier is die teks van A op verskillende plase wat inhoud betref, 'n vooruitgang op H. Die daggarook beskrywing is 'n goeie voorbeeld daarvan. Ons gee hom daarom in sy geheel.

H : „Vandaag weezen my (de Gyzikoa) hoe dat de Blicquoas rooken. Zy maken de kleygrond nat en bewerken hem taay, dan steeken zy schuyns van weerskanten 2 stokkies in de kley regt over malkander, en uitgetrokken dan probeeren zy of 't getroffen is met de stokkies en of 't lugt geeft, dan word er wat water ingegoeyd. In de eene gat word tobak gestopt, dan leg den rooker op zijn buyk, den rook uyt de eene gat trekende en een ander steek den tobak in brand. Ook rooken zy uyt een beestehoorn, waar ze ook den rook deur 't water trekken en slukken den rook in dat ze zo dronken worden dat ze van haare kennis afraaken.”

A : „Behalven de steene tobaks pypen die de Blicqua gebruyken toonden de Gysicqua my hoe dit volk om zig met het rooken wel te vermaaken daar in te werk te gaan. Zy plaats namentlyk hun pyp met een riete steel op de doorboorde punt van een osse hoorn die met water is gevult en de wyde opening van de hoorn met aarde of ook wel met de handen rondom digt gesloten houdende werd door de handen of door een gat in de *aan de* (lees : *aarde*)

deksel de rook getrokken. Zy maaken ook in een vlakke kly grond die zy doorwerken en kneeden met twee gebooge stokjes een doorgaande holte van een duym diameter en ter lengte van $1\frac{1}{2}$ voet in het midden zoo verre ingedrukt dat het water aldaar blyfft staan; d' eene opening van dit kanaal werd met tobak gevult, de andere sluyt den rooker die zig voor over plat op de aarde nederligt met zyn hand en trekt tusschen de duym en voorste vinger de rook door die hy inslukt. In deeze wyze van tobak rooken die hun door het bedwelming dikwils doet nedervallen scheppen zy een groot behaagen."

Ook gebeur dit dat Wikar se taal in H bepaald duister is en dat A daar duidelikheid in probeer te bring :

- H : „als men haar vraagt, hoe oud ze zijn, zullen ze haare 2 handen uytsteeken; zoveel keer, als zoveel maal 10 jaaren dat ze oud zijn, maar 2, 3 à 4 verschillende, dat weeten zy niet."
- A : „den ouderdom — weeten zy niet tot een getal jaaren te brengen dewyl zy daar geen weeten-schap toe bezitten en ook hun talkonst niet hooger gaat als thien; by het zaamen voegen van een groot getal leggen zy zoo veel steenen als zy getallen van thien hebben en hetgeen er overblyft toonen zy met de vingeren."

Vergelyk vir hierdie passasie ook R. : „Deeze natien hare telkunst bestrekt zig niet verder als tot 10. Tien beesten geteld hebbende, leggen zy eenen steen needer, weer van een beginnende tot dat zy 10 steenen hebben. Dat

noemen zy 10 maal 10, maar verder weeten zy niet."

H: „dan begint de melk ten laaste in zyn lighaam te teeren, of hy houd nu de melk by zig."

A: „brengt de melk eyndelyk een zodanige mesting en voeding te weeg dat—"

H: „de zeene en 't gaaren daar word een vierkant van coraele aan gereegen."

A: „werdende ook het gaarne of de draaden uyt de ruggegraad met koraale in een vierkant gereegen."

H: „eerst word hem een streep van de navel tot booven op de ruggestreng getrokken."

A: „haalde een streep van de navel tot voor over zyn schouder."

Die jag op die olifante van die 21^{ste} Sept. het in die pen van De Wet ook baie duideliker geword.⁵¹⁾

Die onduidelike *klosse* in „dan mag hy de zeene—met koraale en klosse daaraan" verander A in „de senuwen—met koralen en hangende koraalsnoertjes versiert."

⁵¹⁾ In 'n ander duistere passasie oor olifante, weggelaat deur De Wet, kan helderheid verkry word deur „daar schiet ik ook mee te kort" in te voeg na „om op een boom te klimmen zoals voor den buffel". Vergelyking met die oorspronklike manuskrip toon dat daar die ooreenkomstige „help ook niet" staan en uitgeval het in Godée Molsbergen se teks.

DIE RELAAS.

III.

Dit is onnodig om ons vergelyking ook uit te strek tot die korte relaas wat Wikar op versoek van Hendrik Cloete blykbaar geskryf het ten behoeve van die seun van oud-goewerneur Swellengrebel.

'n Vergelyking daarvan met H toon seker aan dat ook daar iemand as verbeteraar opgetree het.⁵²⁾ Dit is miskien Cloete self.⁵³⁾ Die veranderings is stilisties minder ingrypend maar tog van die aard dat 'n mens 'n vreemde pen daarin ontdek, maar verskillend van De Wet syne.

Ons het reeds hierbo 'n parallelle passasie uit die drie tekste oor die telkuns by die Hottentotte aangehaal. Ons kan volstaan met nog net een te gee, wat voldoende is om te oordeel oor die res :

⁵²⁾ R is geteken deur Wikar en gedateer 31 Des. 1779. *Sk vir Sch* op twee plase in *verskeyde* en *onderskeyd* en *het* in „die mans het ik niet zien huylen” en miskien *nususgierig* berus waarskynlik in R op 'n setfout onder invloed van die mag der gewoonte. Dit is hier aan die Kaap gedruk.

⁵³⁾ Hendrik Cloete, gedoop 9 Des. 1725, getrou in 1753 met Hester Anna Lourens (*Geslacht Register*, de Villiers, I, p. 154). Sien oor hom in *Resolusies van die Politieke Raad*: C 54, p. 344; C 55, p. 206; C 58, p. 366 en 412; C 60, p. 287; C 62, p. 229; C 63, p. 344; C 69, p. 82; C 77, p. 124; C 81, p. 244 en 428. Heemraad en ouderling, Stellenbosch; Luitnant, toe Kaptein in die vierde Kompanjie Burgerdragonders, wynboer en eienaar van Constantia. Die portrette van Hendrik Cloete, 1725-1799, en van sy vrou, Hester Anna Cloete, geb. Lourens, gebore 1731, getroud 1753, en die ingelyste „Verkoopbrief van Constantia door Jan Serrurier aan Hendrik Cloete, 12 Dec. 1778, voor 60,000 gulden I.V. en 30,000 gulden voor vee, enz.,” hang aan die muur op die gherestaureerde Groot Constantia.

H: „'t Is by haar een groot kwaad om een haas te eeten, en is 't dat een uyt hongersnood dat gedaan heeft, hy is geen man meer, en 't word hem ook al zyn leeven verweeten, dat hy niet meer durf meepraaten. Dit klyne dier word van haar zeer gehaat en kunnen zy hem doodgoeyen of bekoomen, hy moet er aan.”

A: „Om deeze leugen haaten zy de haas en zyn zo afkerig van dezelve te eeten dat aan de geene zelfs die door honger gedrongen daarvan mogt gegeten hebben zulks al zyn leeven tot een verwyf verstrekt. Hy werd voor geen man meer erkend en mag by geene voorvallen mede spreken. Zy zullen ook geen haas wanneer zy geleegentheid hebben dezelve te doden het leeven schenken.”

R: „Zy zullen hem in de grootste hongersnood niet eeten, des niet te min zullen zy werk maken hem te vangen en betoonen groote blydschap als zy hem doodden.”

Selvs die vergelyking van 'n paar woorde is voldoende om iemand tot die oortuiging te bring dat daar minstens drie persone by die drie tekste werksaam gewees het :

H: „onder in de vaale stam van den boom.”

K: „met een witte asch-verwige bast.”

A: „de stam van onder heeft een aschgraue colour.”

BESLUIT.

Ons hoop dat die parallele passasies wat ons aangehaal het voldoende sal wees om nie alleen die stilistiese veranderinges van De Wet, maar veral in die eerste

plek te laat uitkom tot watter hoogte Wikar se skryftaal beïnvloed is deur die Afrikaans van sy tyd, die ver naamste doel wat ons ons gestel het by die skryf van hierdie toevoegsel aan Dr. Mossop se uitgawe.

Die taal van De Wet, nes dié b.v. van sy tydgenote die Gebroeders Van Rheenen toon aan, hoe goed die beskaafde en „geleerdste” lede van Afrikaanse families die algemene Nederlands van hulle tyd nog magtig was.

Wat egter opval is dat De Wet die meeste wat in klank- en woordgebruik spesifiek Afrikaans was, vervang het deur Nederlandse vorme, woorde en benaminge.

Dit bewys nie dat hy hulle nie miskien self in sy spreektaal gebruik het nie. Hy het 'n geskrif klaar gemaak ten dienste van die Goewerneur en in sy strewe om suiwer Nederlands daarvan te maak, het hy getrag om alles daaruit te verwyder wat na plaaslike gebruik gesweem het. Wat dit egter wel bewys is dat by seker maatskaplike groepe van die Afrikaanse koloniste die Nederlandse taalgevoel nog skerp ontwikkel en aanwesig was en dientengevolge ook die onderskeidingsvermoë tussen die Vaderlandse en die Afrikaanse taal.

Die vergelyking van Wikar se skryftaal met De Wet syne bring ook aan die dag hoe na die spreektaal van Wikar moet gestaan het aan die Hollandse omgangstaal, wat deur die gewone, min of meer geleerde man, in die kolonie gebesig geword het en wat hy, as vreemdeling, in die omgang met hulle geleer het. Dit moet onder die blanke in en by die Kaap, om te oordeel na sy skryftaal, nog in dié tyd veel „hollandser” gewees het as wat sommige geneig is om aan te neem, maar tege-

lykertyd moet ons uit sy skryftaal besluit, dat die Afrikaanse bestanddele in daardie omgangstaal reeds sterk verteenwoordig was en veel sterker as sy verhaal aantoon, omdat ons kan aanneem dat hy soveel as in sy vermoë was hom aangepas het aan die algemeen Nederlandse spreek- en skryftaal, afgesien van die veronderstelling wat ons gemaak het, dat hy ook by sy eie redaksie die hulp gehad het van 'n landgenoot van sy beskermheer Landdros de Wet.

J. L. M. FRANKEN.

Stellenbosch,
15 Sept. '34.

Relaas, gegeven ter requisitie van den Wel Edelen gestr. heere Rijk Tulbagh, Raad Extra ordinaris van neederlands India, mitsg's gouverneur van Cab de goede hoop en de ressorte van dien etc.^a etc.^a etc.^a, door den burger Jacobus Coetsé Jansz. noopens de door hem gedaene Tocht in en door 't Land der groote Amacquas, sijnde van den volgenden Inhoude (a)

Dat den Relatant van den Edelen Heer gouverneur, bij schriftelijke ordonnantie Permissie erlangd hebbende, om zig tot het schietten van oliphanten Landwaarts in te moogen begeeven, hij hier op, den 14: July deeses Jaars^b) ten dien eynde van desselfs woonplaats aan de Picquet bergen,^c) met 2: waagens, en verseld van 12: Hottentots van de Gerigriquas Natie, is vertrocken en d'oliphants, mitsg.^s groene en Cous⁴) rivier gepasseerd zijnde, tot aan de Coperbergen, en wel

(a) *Reizen in Zuid Afrika in de Hollandse Tijd, door Dr. E. U. Godée Molsbergen (Linschoten Vereeniging) Deel II bl. 18-22.*

(b) 1760.

(c) *Oude Wildschutten Boek S.G.15. p. 245 Kaapse Archief.*

„Werd door deesen Gepermitteerd aan den Landbouwer Jacobus Coetsee Jansz: met zijn vee te moogen gaan leggen en weijden aan de Klipfontein aan de Hoek van de Picquet Berg . . . den 15 Sept. 1758.”

„Huiden den 29 Novb. 1776 heeft bovengem: Jacobus Coetsé Jansz: den agterstal van drie Jaaren met vee beneevens 't Zegel regt behoorlijk voldaan.” . . . In't Casteel de goede Hoop, F. C. RONNENKAMP.

Eq. Clercq.

A Narrative supplied by order of the Right Honourable Ryk Tulbagh, Councillor Extraordinary of Dutch India and Governor of the Cape of Good Hope and Dependencies thereof etc., etc., etc., by the Burger Jacobus Coetsé (Jan's Son) concerning the Journey made by him in and through the Land of the Great Amacwas, being as follows ⁽¹⁾

The Narrator, having obtained permission by written order from the Honourable the Governor to betake himself inland for the purpose of shooting elephants, thereupon, on the 14th of July of this year,²⁾ left for that purpose from his dwelling place at the Picquet bergen³⁾ with 2 wagons and accompanied by 12 Hottentots of the Gerigriquas Nation. Having crossed the Oliphants River and also the Groene and Cous Rivers,⁴⁾ he travelled to the Coperbergen, that is to the locality visited by the Governor van der Stel in

¹⁾ Translation from *Deel II. pp. 18-22 Reizen in Zuid Afrika in de Hollandse Tijd (Linschoten-Vereeniging 1916)*, as transcribed by Dr. E. C. Godée Molsbergen from *Kol. Arch. No. 4206. f.236-241.*

²⁾ 1760.

³⁾ In 1758 Jacobus Coetsé Jansz. is recorded to have received the rights of occupation, grazing and sickle at "Klipfontein at the corner of the Picquet bergen." He was still in occupation of this farm, now the site of the village Aurora, in 1776. Aurora is the „Coele Klipfontein" mentioned in the journals of Olof Bergh of 1682-3. For Coetsé's grants see *Wild. Boek, S.G. Vol. 13. p. 627 and Vol. 15. p. 245. Cape Archives*

⁴⁾ Koussie or Buffels River. Nama: /Gaosi(b) from /gaob, the buffalo.